129 Ek dink aan die profete van ouds, wanneer hulle gekom het met daardie Boodskap, en Dit die konings beskaam het, en Dit die mense ongemaklik laat voel het. Die priesters, selfs, hulle sou ongemaklik voel, want hulle was veronderstel om leiers te wees, godsdienstige manne, en wanneer hulle. . . die Woord voortgekom het op daardie manier, het Dit hulle blootgelê, en hulle het verleë gevoel, of skaam.

130 En baiekeer sien ons dit, nie baie nie, te veel vandag! Dat mense, jy sê: “Ek is ’n Christen!”

“Het jy die Heilige Gees ontvang sedert jy geglo het?”

“O! Huh!” Julle sien, hulle is—hulle is verleë Daarvoor.

131 Iemand sê: “Behoort jy aan daardie groep daarbo, wat so skree, en al daardie Goddelike genesing goed?” Baiekeer, tree Christene terug.

132 Hulle wil aankondig, as—as hulle ’n denominasie het, nou: “Ek’s ’n Baptis. Ek’s ’n Presbiteriaan. Ek’s Luthers.” Hulle is nie skaam daarvoor nie.

133 Maar wanneer dit kom om ’n Christen te wees wat God se Woord kan neem net soos Dit is, dan is hulle—hulle—hulle

skaam. “Ek behoort nie aan enige denominasie nie,” sien, hulle, hulle is—hulle is skaam om dit te sê. Hulle moet soos die res van die wêreld wees, verteenwoordig deur een of ander organisasie.

<sup>134</sup> Nou, dit het net onlangs daarin gekom. In die dae van Luther, om jouself te herken as ’n Lutheraan of ’n volgeling van Luther, wel, het dit omtrent dood beteken deur die Katolieke kerk. In die dae van Wesley, om te weet dat jy die Anglikaanse kerk uitgedaag het, was dit amper ’n doodstraf deur die Anglikane, om aan te kondig dat jy ’n Metodis is. In die dae van Pinkster, was dit ’n skande, amper, om te sê dat jy was—jy ’n Pinkster was, want jy’s gou as ’n holy-roller gereken, of—of een of ander taal-spreker, of so-iets. Nou het hulle georganiseer en reg ingegaan saam met die res van die groep.

<sup>135</sup> Nou wanneer die uitroep tyd kom, dat jy nie aan enige daarvan behoort nie! Dis baie gewild om te sê: “Ek’s Pinkster.” Dis baie gewild om te sê: “Ek’s Presbiteriaan. Lutheraan.” Maar wat as dit kom by die tyd dat jy moet uitkom en staan vir die Woord: “Ek behoort nie aan enige daarvan nie”? Dit, dis maak verleë.

<sup>136</sup> Jesus het gesê: “Nou, as jy skaam is vir My, dan sal Ek skaam wees vir jou.” Hoekom sal Hy skaam wees vir jou? Omdat jy aanspraak maak om Syne te wees, wanneer jy Hom nie wil volg nie.

<sup>137</sup> Wat as ek gesê het: “Hierdie seuntjie, hy’s—hy’s my seun”; hy sal omdraai en sê: “Wie, ek jou seun wees? Wat dink jy is ek!” Dit sou my verleë maak. Dit sou, vir jou seun.

<sup>138</sup> En dis hoe sogenaamde Christendom vandag is. As jy dit ’n naam noem van ’n denominasie, goed, hulle aanvaar die vaderskap van ’n denominasie. Maar wanneer dit kom by die aanvaarding van die vaderskap van die Woord van God, Christus, nee, is hulle verleë. Hulle wil nie sê: “Ja, ek het in tale gepraat. Ja, ek het visioene gesien. Ja, ek glo in Goddelike genesing. Ja, ek prys die Here. Ek’s vry van alle organisasie, ek buig nie voor enige daarvan nie. Ek’s ’n dienaar van Christus,” nie. O, goeiste, dit sal hulle net stukkend skeur.

<sup>139</sup> Nou die aand, het ’n groot spreker ingekom onder die Volle Evangelie Sakemanne in Chicago.

<sup>140</sup> En mag ek hier ’n oomblik stop, om dit te sê. Verskoon julle my. Maar baiekeer dink julle, en ek doen dit ook, dat waarvan ons praat, die Waarheid van die Bybel, nie oorgaan onder die mense nie. Maar, Dit gaan. Partymaal sal hulle reguit opstaan Daarteen, maar hulle bedoel dit nie regtig nie. Hulle probeer uitvind waar jy staan.

<sup>141</sup> Soos die storie was van ’n klomp dronkaards, wat gestry het dat daar nie so-iets soos Christendom is nie. Een man het gesê: “Ek weet waar daar een is, dis my vrou.”

Gesê: “Wel, ek—ek glo dit nie.”

Gesê: “Kom aan, ons sal. . . laat ons almal maak asof ons baie dronk is.”

<sup>142</sup> Daar opgegaan na die huis, en alles gedoen wat hulle kon. En—en vir hulle gesê om vir hulle eiers te kook, en toe het hy hulle op die vloer gegooi, en gesê: “Jy weet beter as om my eiers so te kook!” Aangegaan in die huis. En hulle het oorgegaan in die ander kamer, in ’n stoel geval. Hulle het iemand daarbuite dit hoor opvee, nie ’n woord gesê nie, gesê, ’n liedjie by haarself gesing.

Moet Jesus alleen die kruis dra,  
En die hele wêreld vry gaan?  
Daar is ’n kruis vir almal,  
En daar is ’n kruis vir my.

En hierdie heilige kruis sal ek dra,  
Tot dood my sal vrymaak,  
En dan huis toe gaan om ’n kroon te dra.

<sup>143</sup> Daardie een ou dronkaard het gesê: “Wat het ek jou gesê?” Gesê: “Sy is ’n Christen!” Sien, hulle het haar net beproef. En partymaal sal die wêreld, het ek uitgevind, jou beproef.

<sup>144</sup> So ek het nooit gedink dit sou gebeur nie, maar verlede Saterdagagaand, dink ek was dit, of Sondagaand, die groot spreker. . . ek noem gewoonlik nie mense se name nie. Maar hy probeer, werk presies teenstrydig. Ek probeer daardie kerke uit daardie ekumeniese beweging hou, en hierdie man probeer hulle daar insit. So, hy het gepreek vir die Christen Sakemanne. Wat, ek was veronderstel om die diens te hê in Chicago, en ek het gedink ek sou in Afrika wees op daardie tyd, so ek kon dit nie neem nie. Hierdie man het gesê, daar opgegaan en gesê: “Die grootste beweging, die grootste ding op die aarde nou, wat ooit was; al die kerke keer terug na die Katolieke kerk, in die ekumeniese beweging, en die Katolieke sal die Heilige Gees ontvang.” Wat ’n lokval van die Duiwel!

<sup>145</sup> En hierdie leier, Broer Shakarian, die president van die Internasionale Sakemanne, het opgestaan en gesê, na die man gaan sit het, gesê: “Dis nie hoe ons dit gehoor het nie.” Gesê: “Broer Branham het ons vertel, dat: ‘Hierdie ekumeniese beweging, sal hulle almal beweeg na die merk van die dier.’” En die man wat op die platvorm gesit het. Gesê: “Dit sal dit beweeg na die merk van die dier.” En gesê: “Ons is geneig om te glo wat hy sê is die Waarheid.” [Iemand in die gemeente sê: “Amen! Ons ook!”—Red.] En hy het gesê: “Hoeveel van julle sou graag wou hoor dat Broer Branham kom en julle die ware kant daarvan gee? Staan op.” En daar was oor die vyfduisend mense. Hulle het geskree en gehuil, net om te kom vir een dag, een dag.

<sup>146</sup> Broer Carl Williams het my gebel, gesê: “Broer Branham, man, ek het uitgegaan deur daardie skare,” gesê: “hulle het hope honderd-dollar note in my hande gelê, om jou vliegkaartjie hiernatoe te kry, en terug.” Sien, net vir een dag!

<sup>147</sup> Sien, daardie mense, daardie Woord sink in waar ons dit partymaal nie weet nie. Sien? Maar, sien, wanneer jy regtig... Maak nie saak hoeveel die wêreld Daarteen is, hoeveel die denominasies Daarteen is nie, God bewys Dit om die Waarheid te wees. Wanneer die groot uur uiteindelik tref, sal dinge miskien gebeur waaraan ons nie gedink het nie.

<sup>148</sup> Ja, dit wys jy's nie seker nie, as jy verleë is, so jy moet liever nie die onderwerp bespreek nie. As jy skaam gaan wees daarvoor, sou jy dit nie wou bespreek nie; hou terug.

<sup>149</sup> Maar hoe kan 'n man wat gevul is met die Heilige Gees, hoe kan 'n man vol van die krag van God, en die liefde van God in sy hart, met 'n man 'n paar minute praat en nie iets meld van daardie liefde wat in sy hart is nie? Sien, daar is iets wat dit—dit gebeur; jy kan dit nie doen nie.

<sup>150</sup> Hierdie is, moet daardie bese dag wees waarvan Jesus gepraat het. Mense wat skaam is vir die Woord en vir die Gees van God wat in hulle optree. Maar wanneer die Waarheid duidelik gemaak is aan die mense, openbaar God, Self, Homself dan deur die Woord.

<sup>151</sup> Nou, enige mens kan enige soort aansprake maak. En ons het dit in hierdie dae gehad, waar daar soveel aansprake gemaak is, dat dit verskriklik is. Maar, julle sien, as daar 'n Waarheid is, moet dit volgens die Woord wees. Want, hulle sê hulle het alle soorte dinge gehad, van olie wat deur mense vloei, en bloed uit hulle hande, en vroue op hulle rug in hierdie bloed, en wat teen hulle skoene afloop, en hulle skoene ophang en olie uitgooi, en paddas wat uitspring en wat teen die platvorm afspring, en alle soorte van dinge soos daardie. Daar is glad geen sulke goed in die Bybel nie. Daar is geen belofte van enigiets soos daardie, in die Bybel nie. Net, Dit het gesê: “In die laaste dae, sou die gees so naby wees dit sou die Uitverkorenes mislei as dit moontlik was.” Maar daar is geen Skrif daarvoor nie.

<sup>152</sup> Maar wanneer dit kom by egte, onvervalste Woord van God, bevestig deur God, blyk Dit selfs die ander groep verleë te maak, aan die radikale kant. Sien, daar is 'n verleentheid Daaroor.

<sup>153</sup> Maar dis 'n werklikheid vir 'n man of vrou, seun of dogter, wat regtig 'n ware Christen is. Toe God die belofte gemaak het van die doop van die Heilige Gees, en jy ontvang Dit, is daar iets wat in jou vestig, dat daar niks is wat Sy plek inneem nie. Wanneer 'n man ooit God ontmoet; nie in een of ander emosionele opwerk, een of ander entoesiasme, of een of ander



godsdienstige doktriene, een of ander kategisme of geloofsbelydenis, of 'n dogma wat hy aanvaar het vir 'n—'n troos vir homself nie. Maar wanneer hy werklik by die plek kom waar Moses het, aan die agterkant van die woestyn, oploop van aangesig tot aangesig met Almagtige God, en jy die Stem sien praat met jou, presies saam met die Woord en die belofte van die uur, is daar Iets wat dit aan jou doen! Sien, jy's nie skaam Daarvoor nie, Dit doen iets aan jou. Nou, laat ons nou kyk, vir net die volgende vyftien minute.

<sup>154</sup> Daar is party mense wat so 'n ondervinding ontvang. En soos ek met julle praat vandag, nie as 'n kerk of 'n denominasie nie, ek praat met jou as 'n individu; nie omdat jy hier na hierdie tabernakel kom nie, omdat ek jou liefhet en jy my liefhet, nie daaroor nie. Laat ek met jou praat as 'n sterwende sterfling, dat eendag moet jy kom aan die einde van hierdie lewe. En ek mag nie daar wees nie, en 'n ander prediker mag nie daar wees nie. Maar daar is net Een Wie jou daar kan ontmoet, en dis God. En jy—jy luister Daarna, en nie of “my vrou 'n goeie Christen is” of—of “my man 'n goeie Christen is,” nie, maar: “Is ek reg met God? Het ek God so ontmoet?” Nie omdat “my pastoor God ontmoet het,” nie, of omdat “my diaken God ontmoet het,” nie, maar: “Het ek Hom ontmoet?” Nie omdat “ek geskree het,” nie, nie omdat “ek in tale gepraat het,” nie, maar omdat “ek Hom ontmoet het as 'n Persoon!” Dan sal jy nooit skaam wees Daarvoor nie, daar is Iets wat so volmaak en suiwer, en waar is.

<sup>155</sup> En onthou, jy mag 'n gees ontmoet wat soos God optree. Jy mag 'n gees ontmoet wat *dit, dat*, of die *ander* doen; volg dit 'n klein bietjie en sien hoe dit vergelyk met die Woord van God. Jy mag 'n gees ontmoet wat jou sê jy's gered, en jou 'n heerlike gevoel gee, en jy sou uitroep en skree; dan wanneer dit kom by die Woord ontken, hoe kan die Heilige Gees, wat die Woord geskryf het, Sy Eie Woord ontken? Daardie Gees moet elke belofte van God beklemtoon met 'n “amen”! As dit nie is nie, het jy nooit God ontmoet nie, jy het 'n misleidende gees ontmoet. En die wêreld is vol daarvan vandag!

<sup>156</sup> Maar wanneer jy God sien afkom en 'n stelling maak, dat Hy 'n sekere ding gaan doen, dit dan terugkom en dit doen, keer op keer op keer, dan het jy 'n ware Gees van God.

<sup>157</sup> Hoe kan 'n Gees op 'n man wees, die Heilige Gees wat die Bybel geskryf het, dan omdraai en ontken: “Dis nie reg nie, Daardie was vir een of ander ander dag”?

<sup>158</sup> Hy het gesê: “Die belofte is aan julle, en aan julle kinders, aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep.” Dit was Handeling 2:38. Hoe kan 'n gees dan enigiets verskillend Daarvan aanvaar, en van God wees, wanneer Hebreërs 13:8 gesê het: “Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd”?

159 Wat as iemand gesê het: “O, ek glo Hy was ’n filosoof. Hy was ’n goeie man. Hy was ’n profeet. Maar sover as Sy krag. . .”

160 Ek het nou die aand gepraat met George Smith, die seun wat uitgaan met my dogter, Rebekah; ’n goeie kind, het hier gesing in die tabernakel. ’n Baptiste seun wat net geneem het, gesê het: “Haal my naam af van daardie ding! Ek wil niks daarmee te doen hê nie.” En daar was ’n jong dame. . . Hulle het ’n konferensie gehou, hierdie sekere Baptiste kerk, bo in die heuwels.

161 En—en hulle is so sterk teen my, almal van hulle daarbuite, en omtrent nie. . . Hulle het niks teen my nie; dis teen hierdie Woord. Ek, as ’n mens, hulle kan niks teen my sê nie, ek het hulle nooit enige kwaad gedoen nie. Maar *Daardie* is waarvoor hulle bang is. Sien? Nou ons was. . .

162 Hulle het hierdie diens gehou daarbo, liever, en hulle het gehad, sou ’n sendeling kry om die laaste drie aande van hierdie groot konferensie te hou, bo in die heuwels waar dit koel was. Het gebeur, hierdie sendeling het opgestaan en by Markus 16 gekom, en hy het gesê: “Daar is baie mense vandag wat nie kan glo in Goddelike genesing nie.” Gesê: “Ek was in Indië. Ek is ’n Indiër. En ek was in Indië toe ’n man hier in die Verenigde State, met die naam van Broer Branham, gekom het.” Die pastoor het begin oorbeweeg. Gesê: “My vrou was sterwend aan kanker. Ek was blind,” of so—iets soos dit. “Hy het gebid vir een van ons, en die ander een het hy uitgeroep in die gehoor, nie eens ons eie taal geken nie, en die Krag van God gespreek.” En gesê: “Ons is hier, genees!” Wel, hulle het hom probeer stilmaak. Hulle kon dit nie doen nie. Dis, sien, reg in hulle eie vergadering.

163 Toe het hulle selfs enigiets ontken. En party van die mense, selfs my. . . hierdie seun se suster, hulle op die grond, wou nie eens enigiets sê nie. Hulle wou weet of sy nie verbind was nie, een of ander manier wat hulle kon kry om uit te vind.

Een van die dames het gesê: “Wel, ek glo dit.”

164 Rebekah en George het gegaan om hierdie dame te sien. En sy het gegaan en ’n meisie gekry wat gely het aan ’n—’n. . . soort van vertraag, ’n bietjie. So hulle het my gekry om soontoe te gaan om die meisie te sien, nou die aand. En ek het soontoe gegaan, die dametjie het daar gesit, en ek het gesê: “Is jy ’n gelowige?”

165 Sy het gesê: “Nee, ek weet nie of ek is of nie.” Wel, sy was nie vertraag nie; net ’n duiwel gees. Hulle besef dit nie. Sien, dit neem jou, en jy weet dit nie. Dit kom, dan oorwin geweld die persoon, en hulle weet dit nie.

166 Vroue wat hierbuite op die straat loop, met hierdie kortbroeke aan, hulle besef nie. Hulle mag wees, kon mag kon bewys en daarby sweer, dat hulle nooit enigiets kwaads teen hulle man gedoen het, of sovoorts, soos daardie nie. Maar in hulle hart, besef hulle nie, maar die gees van die Duiwel het hulle oorgeneem. Hulle is daarvan besete. Hoekom sou 'n vrou haar klere wou uittrek, uit voor 'n man? Daar is net een persoon wie dit gedoen het, in die Bybel, en hulle was mal. Andere het hulleself probeer bedek; hulle besef nie. Dis so skelm, so subtiel! Jy moet dophou, jouself opweeg met die Woord van God, en sien waar jy staan.

167 Hierdie jong dame het gesê: “O, hulle het my vertel ek is gedoop toe ek 'n kind was.” Gesê: “Ek weet nie om daardie goed te glo of nie.”

Ek het gesê: “Glo jy nie Jesus Christus nie?”

168 En sy het gesê: “Wel, ek weet nie of ek dit doen of nie.” Sy het gesê: “Party van daardie hokus-pokus goed, ek glo dit nie.”

169 Ek het gesê: “Wel, natuurlik, glo jy nie hokus-pokus goed nie.” Ek het gesê: “Maar glo jy dat Hy die Seun van God was?”

“O,” gesê: “Hy kon gewees het.”

170 Ek het gesê, en ek het gesê: “Glo jy Hy is dieselfde vandag, die God wat jou sou red?”

171 Sy het gesê: “Is enige van daardie goed daar oor daardie wonderwerke daar en goed soos daardie? Ek glo niks daarvan nie.”

172 En ek het gesê: “Wat as jy in 'n diens sou gesit het en God gesien het, die Heilige Gees, wat die enigste God is wat daar is, wat werk onder die mense; God in die Vaderskap, die Vuurkolom, en die profete; God in Sy Seun; dan God in Sy mense? Dis net eienskappe van God, een groot God Wie Ewigheid beslaan.” Ek het gesê: “Wat sou jy sien as Hy, onder Sy mense, die-die blindes laat sien, die dowes laat hoor, uitkyk oor die gehoor en die mense vertel wat verkeerd is met hulle, en soos Hy gemaak het toe Hy hier op aarde was?”

Sy het gesê: “Ek glo dit sou horoskoop wees.”

173 Ek het gesê: “Jy is in 'n erger toestand as wat ek gedink het jy is. Jy sou beter af gewees het as jy mal was, sien, jy sou nie aanspreeklik gewees het nie.” Maar ek het gesê: “Jy is net besete van 'n bose gees.” Ek het gesê: “Toe Jesus die vrou by die put vertel het van haar mans, toe Hy na die mense gekyk het en hulle gedagtes onderskei het, sou jy dit horoskoop noem?” Sien, net so verstrengel in 'n denominasie, naamlik Luthers, dan enigiets teenstrydig daarmee verkeerd sou wees!

174 Nou God wil mense hê wat verstrengel is in die Woord. Enigiets teenstrydig Daarmee is verkeerd! Jesus het gesê: “Laat elke mens se woord 'n leuen wees, en Myne die Waarheid.”

<sup>175</sup> Daar was 'n man in 'n baie wetenskaplike eeu, met die naam Noag. Hy was nie skaam vir God se Woord nie. God het hom ontmoet, en Hy het met hom gepraat. Hy het geweet dit was God. En Hy het gesê: “Dit gaan reën!” Dit het nooit gereën nie, maar hy het geglo dit gaan reën. En die geloof wat hy gehad het, hy was nie skaam om dit uit te oefen nie. Hy het 'n honderd-en-twintig jaar geneem om 'n ark te bou, toe die wêreld teen hom was. Hy was nie skaam vir God se Woord, in sy dag nie. God het hom en sy huisgesin gered, daarvoor. Daar was 'n. . . Hoe dwaas mag dit voorgekom het vir ander mense; maar, vir hom, hy het God ontmoet, maak nie saak hoe wetenskaplik die ander was, wat teenstrydig was, hoe dit gesê het: “dit kan nie gebeur nie, dit kan nie gebeur nie,” hy het God ontmoet!

<sup>176</sup> Dis wat dit is wanneer jy weet dat jy met Hom praat! Jy sou dink dit was 'n dwase ding wanneer iemand. . . Wanneer, ek weet daar is 'n paar mense in die wêreld wat vashou aan wat ek sê om die Waarheid te wees. Om hier te staan en te sê: “SO SPREEK DIE HERE, ek gaan na Arizona, daar sal ek sewe Engele ontmoet in 'n groep,” wel, daar was 'n groep mans wat daar gestaan het om dit te sien gebeur. Nou die aand, dit gesê: “Los Angeles sal in die oseaan val.” Maar wanneer jy God ontmoet het, en die God Wie nie faal nie, die God Wie presies doen wat Hy gesê het Hy sou doen, Hy dit altyd gedoen het, dan is jy nie skaam daarvoor nie. Jy hoef nie terug te tree en verleë te wees daaroor nie; jy kan die hele wêreld vertel. Wanneer 'n man God ontmoet, met Hom praat, en die werklikheid van God word syne in sy hart, is hy nie skaam Daarvoor nie.

<sup>177</sup> Noag was nie skaam nie. Dit het dwaas gelyk vir die res van die wêreld, maar nie vir hom nie.

<sup>178</sup> Moses, toe hy voor Farao was, was hy nie skaam om vir Farao te vertel dat hierdie sekere dinge sou plaasvind nie, omdat hy God ontmoet het. God het hom vertel, in die brandende bos. Moses het gesê: “Ek—ek hakkel.” Dis wat hy gehad het, 'n spraakgebrek.

<sup>179</sup> Hy het gesê: “Daar kom Aäron. Wees jy God vir hom, en hy sal profeet wees vir jou. Ek weet hy kan goed praat. Maar Ek sal met jou mond wees. Wie het die mens laat praat?” Amen. Ek hou daarvan. Dis God. “Wie het die mens doof of stom gemaak, of wie het die mens laat praat?” God het.

Hy het gesê: “Here, wys my U heerlikheid.”

Gesê: “Wat's daardie in jou hand?”

Hy het gesê: “Dis 'n stok.”

<sup>180</sup> Gesê: “Gooi dit op die grond.” Dit het in 'n slang verander. Gesê: “Neem dit weer op,” dit het terug verander na 'n stok.

Amen. Hy is God. “Sit jou hand in jou boesem.” Hy het dit ingesit, dit uitgetrek, wit met melaatsheid. Gesê: “Sit dit terug en trek dit weer,” en dit was soos die ander hand. “Ek is God.”

<sup>181</sup> Toe het hy opgeloopt voor Farao en gesê wat Hy gesê het hy sou sê. Hy het gesê: “Dit gaan so en so wees.” Sand opgetel en dit in die lug opgegooi, en gesê: “SO SPREEK DIE HERE, laat vlooie op die aarde kom,” en die vlooie het gekom. Water geneem en dit uitgegooi in die rivier, en gesê: “SO SPREEK DIE HERE,” en die hele riviere en alles het in bloed verander. Hael afgeroep uit die hemel.

<sup>182</sup> Julle weet, in die laaste dae is daar veronderstel om weer daardie plaë te herhaal. En onthou, ’n owerspeler, in die Bybel se tyd, sy straf was dood deur steniging. En die ongelowige kerk sal dood gestenig word, met haelstene, was eenmaal God se manier van straf. Hy gaan hierdie ongelowige wêreld stenig, hierdie owerspelige geslag. Hy sal dit uit die hemel stenig, met haelstene wat ’n talent elk weeg, wat ’n honderd pond is. Die owerspelige kerk sal sterf, owerspelige wêreld sal sterf onder die straf van God, onder steniging, soos Hy gemaak het in die begin. Kom reg met God, kerk! Dis wat ons almal moet doen, terugkeer na God!

<sup>183</sup> Daardie ou wolgesig, gryshaar wangbaard, kaalkop, maer arm, tagtig-jaar-oue Elia wat daarbo in die wildernis gesit het, uitgekyk het oor die sondes van die mense. God het met hom gepraat een oggend, gesê: “Gaan daar af en vertel vir Agab dat nie eens die dou uit die hemel sal val totdat jy daarvoor vra nie.”

<sup>184</sup> Ek kan sy ou klein ogies sien uitkyk onder daardie wollerige wit baard, daardie stok in sy hand, wat in die pad afloop soos ’n sestien-jaar-oue seun. Reguit opgeloopt in die teenwoordigheid van die koning, en gesê: “Nie eens dou sal uit die hemel kom totdat ek daarvoor vra nie.” Hy was nie skaam vir God of Sy Woord nie; ’n koning of enigiemand anders te vertel nie. Hy was nie skaam nie. Hoef nie weg te kruip, sê: “Nou, Agab, jy was ’n . . .”

<sup>185</sup> Dit laat my dink aan iets soos onself. Toe het ek vir die mense gesê: “Ek bereik ’n punt, waar ek meer geloof nodig het.” Dis waarvoor ek nou by die huis is, om ’n—’n nuwe opwelling van geloof te kry.

<sup>186</sup> Het so geword, lyk asof, wanneer jy vir mense bid, vra jy om verskoning: “Mnr. Duiwel, sal jy asseblief oorbeweeg en my laat . . .?” Niks! Geloof het spiere, en hare op sy bors. Wanneer dit praat, bly al die res stil. Moenie ingaan nie: “Mnr. Duiwel, sal jy uitbeweeg?”

<sup>187</sup> “Gaan hier uit! Ek’s ’n seun van God, opdrag gegee deur God. Los hulle uit!” Dit beweeg. Jy het geen verskoning aan die Duiwel nie, niks met hom te doen nie. Nie skaam vir die Woord van God nie, nie skaam vir jou opdrag nie, nie skaam vir wie ons is nie.

188 Die enigste skande wat ek is, is ek's 'n Branham, dis my aardse geboorte. Ek is skaam vir my mislukkings.

189 Maar as Sy dienaar, is ek nie skaam nie! Ek is nie skaam vir Sy Woord nie. Of dit denominasies is, konings, heersers, of wat dit ook al mag wees; net gereed om 'n antwoord te gee, God vra daarvoor.

190 Moses het opgeloop voor Farao. Hy was nie skaam om vir hom te sê hy sal nie toegee en sy *soveel* dae buite in die wildernis sou neem nie.

Hy het gesê: “Party van die vroue, bly by jou kinders.”

191 Gesê: “Ons sal almal gaan! Nie eens een hoof sal agtergelaat word nie, ons sal ons beeste en alles neem.” Hy was nie skaam nie. Hoekom? Hy het in die Lig van verlossing ingekom.

192 Dis die rede waarom 'n man of 'n vrou, siek of enigiets, eenmaal in die Teenwoordigheid van God inkom, en weet dat God hulle genees het, tree jy in die Lig van verlossing in. Jy gee nie toe oor enigiets nie.

193 Verlossing was in sy hart, want hy het die God ontmoet. Wie gesê het: “Ek is die God van Abraham, Wie Abraham die belofte gegee het. En die tyd, tyd van verlossing, van bevryding, is op hande. Ek stuur jou soontoe om hulle uit te neem.” Wat is daar om voor om verskoning te vra?

194 Farao kon hom dood gemaak het. Hy was net 'n man. Hy was 'n slaaf. Hy kon hom dood gemaak het. Maar hy was nie skaam vir die Woord nie. Hy het nie afgegaan en op sy knieë en bedel vir niks nie. Hy het gesê: “Ek kom om hulle te neem.”

Farao het gesê: “Wel, jy kan hulle nie neem nie!”

195 Hy het gesê: “Dan sal daar vlooië op die aarde kom, totdat jy deur hulle sal waad.” En daar is wat gebeur het.

Gesê: “O, Moses, neem hulle weg!”

Hy het gesê: “Goed. Kom jy nou tot inkeer?”

Gesê: “Wel, jy kan *soveel* dae in die wildernis ingaan.”

196 Hy het gesê: “Dan sal vlieë kom.” Amen. Gesê: “Duisternis sal kom.” Dit was so donker, jy kon nie een plek na die ander sien nie.

197 En uiteindelik het die dood gekom. Vanaf Farao na die dienskneg, was dit die dood van die oudste kind in die familie. Het geen verskoning vir niemand gehad nie. Hy was 'n seun van Abraham, gebore in die Gees van God, opdrag gegee deur God, die Boodskap van God, om af te gaan en daardie mense uit te neem.

198 Wel, kan God nie dieselfde ding in hierdie uur roep, om uit die kerk 'n Bruid te neem nie? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Daniël was nie, of . . .

<sup>199</sup> Dawid, liewer, was nie bang voor Saul nie. Toe almal bang was vir Góliat daarbuite, was hy nie bang om op te stap nie. En gesê: “U dienaar . . .” Hierdie rooierige kêreltjie het gesê: “U dienaar het sy vader se skape opgepas, en ’n beer het ingekom en een van hulle gekry. Ek het hom uitgejaag in die wildernis en hom dood gemaak, met hierdie slingervel. ’n Leeu het ingekom.” O, goeiste! “’n Leeu het ingekom en een van hulle gekry, en uitgehardloop in die wildernis, en ek het hom neergefel met ’n slingervel. Toe hy opgestaan het, het ek hom doodgemaak.” Hy het gesê: “En die God . . .” Die teruggevalle koning wat daar gestaan het, daardie lamsakkige soldate wat aanspraak gemaak het om die God van die Hemel te dien, en laat daardie onbesnede Filistyn daarbuite staan en die leërs van die lewende God uitdaag. Gesê: “U dienaar sal hom ook doodmaak. Want, die God Wie die leeu en die beer aan my uitgelewer het, sal ook daardie onbesnede Filistyn uitlewer.” Hy het nie gestamel, het nie gesê: “*miskien* sal dit gedoen word,” nie. Hy het gesê: “Dit sal gedoen word!” Hy was nie skaam nie.

<sup>200</sup> Daniël, voor die koning, was nie bang om sy bevel te verontagsaam dat niemand sou bid, slegs tot hom nie. Hy het die vensters oopgemaak en die vensterraam opgegooi, en drie keer ’n dag gebed. Hy was nie bang nie.

<sup>201</sup> Sadrag, Mésag, en Abednégo, was nie bang vir daardie vuuroond nie. Gesê: “Ons God is in staat om ons te verlos. God kan ons verlos. Maar as Hy dit nie doen nie, buig ons nie voor jou beeld nie.” Hulle was nie skaam daarvoor nie. Nee, meneer. Nee, meneer. Hulle was beslis nie skaam daarvoor nie, want hulle het geweet.

<sup>202</sup> Simson was nie skaam voor die Filistyne nie. Toe ’n duisend opgehardloop het voor hom, het hy die kakebeen van ’n muil opgetel. En daardie helms, wat omtrent ’n duim en ’n half dik was van koper. Hy het ’n duisend daarmee platgeslaan, en steeds die kakebeen in sy hand gehad. Hy was nie verleë nie. Hy het net opgetel wat in sy hande was, en daarmee begin werk. Hy het geweet dat die Gees van God op hom was. Hy het geweet hy was ’n Nasaréner gebore. Hy het geweet dat niks hom kon pla nie. Hy was ’n dienaar van God. Solank hy in die wil van God was, kon niks in sy pad staan nie, maak nie saak hoeveel konings of Filistyne, of wat ook al nog opgekom het nie. Reg.

<sup>203</sup> Johannes was nie skaam vir die Woord van God wat na hom toe gekom het in die wildernis, en hom gesê het om te gaan doop met water nie. Hy was nie skaam om te sê: “Aanskou die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem nie,” want die Gees van God was op hom. Hy was nie skaam voor die priesters nie.



204 Hy was nie skaam vir die Woord van God toe hy opgeloo het na Herodus nie. Filippus se vrou het saam met Herodus gelewe. Reguit opgeloo in die gesig van die koning! Hierdie ou wolgesig kêrel uit die wildernis daar, daar uitgekom, met geen geleerdheid of niks nie, en reguit opgeloo in die gesig van Herodus, en gesê: “Dis nie wettig vir jou om haar te hê nie!” Hy was nie skaam vir God se Woord nie. Sekerlik. Hy was absoluut nie skaam Daarvoor nie.

Stefanus, hy was nie skaam vir God se Woord nie.

205 Eers, die pinkstermense daarbo op die Pinksterdag, toe hulle bymekaar gekom het in die bo-kamer, het die Heilige Gees op hulle geval, deur ’n belofte van God. Lukas 24:49 het gesê:

*. . . kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle.  
Maar wag. . . in die stad Jerusalem, totdat julle krag  
uit die hoogte ontvang.*

206 En die einste belofte wat die Woord van God hulle belowe het: “Kyk, Ek stuur die belofte van My Vader op julle, maar wag daar; moenie meer enige teologie of geleerdhede, ensovoorts, kry nie, wag totdat julle toegerus is met Krag.” En toe daardie Krag uit die Hemel gekom het, soos ’n magtige rukwind, was hulle nie skaam vir die Evangelie nie.

207 Petrus het opgestaan, gesê: “Bekeer, elkeen van julle. Julle manne, met bese hande, het julle die Prins van Vrede gekruisig, wat God uit die dood opgerig het. En ons is ’n getuie. Want dit is wat Joël gesê het sou gebeur in die laaste dae: ‘Ek sal My Gees uitstort op alle vlees.’” Hy was nie skaam vir die Evangelie nie.

208 Klein Stefanus, soos ek hom genoem het ’n paar minute gelede, toe hy daar deurgegaan het soos ’n—’n—’n tornado. Hy was nie ’n prediker nie. Hy was net ’n diaken, maar hy het oral getuig van die opstanding. Hy het God ontmoet. En dis net soos. . .

209 Probeer hom stop? Wel, dit was soos om te probeer om ’n—’n huis, ’n brandende huis, vuur daarop te blus, op ’n wonderige dag, in ’n droë tyd. Wel, elke keer as die wind gewaai het, het dit net nog ’n vuur begin.

210 Hulle het hom opgeruk voor die Sanhédryn Raad. Kan julle besef wat dit is? Dis soos die Ekumeniese Raad. Alle godsdienste bymekaar, in onder die Ekumeniese Raad. Almal van hulle daar vergader onder die Sanhédryn Raad. Fariseërs, Sadduseërs, Herodiane, wat hulle ook al was, hulle moes in daardie raad inkom. En hulle het hom opgeraap, nie net een organisasie nie, maar die groot raad het hom opgeraap. “Ons sal hom die skrik op die lyf jaag.”

211 Toe hy opgestap het, daardie oggend, het die Bybel gesê sy gesig lyk soos 'n Engel. Hy het gesê: “Manne en broers, laat ek met julle praat. Ons vaders het in Mesopotamië gewoon voor hulle na Charran toe gekom het,” ensovoorts. Hy het nog gegaan en die Skrifte gegee. Toe, toe hy heeltemal opgewerk geraak het, het die Gees oor hom gekom, hy het gesê: “Julle hardnekkige, onbesnedenes van hart en ore, julle weerstaan altyd die Heilige Gees; soos julle vaders het, so doen julle dit ook.” Hy was nie skaam vir die Evangelie nie, was nie skaam vir die Woord nie. Hy was nie verleë voor enige Sanhédryn Raad nie. Nee.

212 Paulus het voor Agrippa gesê. As 'n Jood, geleer onder Gamaliël, 'n groot hooggeplaaste was hy. Maar eendag, op die pad onder na Damaskus, het hy in Teenwoordigheid gekom, kontak met God. 'n Engel het afgekem uit die Hemel, in die vorm van 'n Vuurkolom, 'n Lig wat hom getref het op die grond. Opgestaan, en gesê: “Here, Wie is U?”

En Hy het gesê: “Ek is Jesus.”

213 Gestaan voor Agrippa, het hy die storie weer herhaal. Hy het gesê: “Ek is nie skaam vir die Evangelie van Jesus Christus nie, want Dis 'n Krag van God tot redding, aan elkeen wat glo.” Sekerlik.

214 Nou, vriende ons het afgekem met manne, af deur die eeu, maar ons is oor tyd.

215 Maar laat my dit sê. 'n Man wat eenmaal in kontak gekom het met God, wat die Woord is, en die Woord is duidelik gemaak en gemanifesteer aan hom, daar is geen skaamte daaroor nie. Jy is nie verleë nie. Maak my nie verleë om te sê ek glo elke Woord van God nie. Maak my nie verleë wanneer die Here sê om enigiets te sê nie, jy gaan sê dit en doen dit. Dit maak my nie verleë om te sê ek is gevul met die Heilige Gees nie. Dit maak my nie verleë om te sê ek het gepraat met ander tale nie. Dit maak my nie verleë om te sê dat ons Here my visioene gewys het nie. Dit maak my nie verleë om te sê Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd nie.

216 “Wanneer jy gebring word voor heersers en konings, om My Naam ontwil, skenk geen gedagte aan wat jy sal sê nie, want dit sal vir jou gegee word in daardie uur. Dis nie jy wat spreek nie, maar My Vader wat in jou woon. Maar wie ook al skaam is vir My en My Woord, in hierdie geslag, vir hom sal Ek skaam wees voor My Vader en die heilige Engele.” God help ons om nie skaam te wees nie, maar help ons om 'n lewende getuennis te wees.

217 Elke mens in die Ou Testament, toe daardie profete gekom het, het hulle geword—het hulle die lewende Woord geword. Hulle het gesê die Woord. Jesus het gesê hulle was gode genoem, en hulle was, want die Woord van God het na hulle gekom. Hulle sê: “Dis SO SPREEK DIE HERE.”

218 En enige dissipel van Christus, wat in kontak gekom het met Hom in verlossing, en saligheid het in sy hart ingekom, hy is 'n besitter van God. En watter soort lewe behoort ons te lei, en hoe behoort ons te wandel, en hoe behoort ons te praat, as God Homself verteenwoordig deur ons sterflike liggame? Wie kan skaam wees daarvoor?

219 As ek op die punt kom waar ek in die polisiemag was hier in Jeffersonville, met die straat afloop, in al die gesag, sou ek nie skaam wees vir die stad nie. Ek sou 'n deel wees van die stad. Ek sou 'n polisie wees, 'n deel van die stad, om wet en gedrag te handhaaf. As 'n man oor 'n rooi lig ry, sou ek nie skaam wees om vir hom te sê hy doen verkeerd nie, hom 'n kaartjie gee. Dis my plig, want ek—ek word betaal deur die stad. Ek lewe deur die stad. Ek het die gesag van die stad. Maak nie saak of hy dronk was, of wat die probleem met hom was nie, hulle sal my ondersteun. Ek staan vas, want ek is 'n polisieman, en or- . . . ek is verordineer, of hierin geplaas en gesag gegee om dit te doen. Jy's veronderstel om die wet te neem, en regte en dinge, en sien dat dit reg gedoen is.

220 Dan, as ek 'n Christen is en gevul is met die Gees, die getuienis van Jesus Christus se opstanding dra, dat Hy dieselfde is gister, vandag, en vir altyd, moenie dat enige duiwel jou rondstoot, sê: "Moenie jy *dit* en moenie jy *dat* doen nie." Jy doen Dit wel. God het vir jou gegee die. . .

221 Sien, ons het nie krag nie. Die polisieman het nie krag om een motor te stop nie. Dis omtrent. . . partykeer is daar drie-of vierhonderd perdekrags enjin, wat kan hy daaromtrent doen? Maar hy het gesag.

222 En dis die Kerk. Ons het gesag, deur die opstanding van Jesus Christus en Sy beloofde Woord, halleluja: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen; meer as hierdie sal julle doen, want Ek gaan na die Vader."

223 Moenie skaam wees vir Hom in hierdie geslag nie; sondig, verward, die laaste geslag wat ooit op die aarde sal wees, hierdie sondige, owerspeligheid, en vol van alle verrotte sere. Almal, alles wat fatsoenlik was, het onfatsoenlik geword. Nasionale politiek, smerig! Volke is opgebreek.

224 Ver terug, in die oerwoude van Afrika, op safari jagters, moet hulle hoë-krag radios neem om Elvis Presley, Pat Boone, en daardie kêrels te hoor met daardie ruk en rol en heupswaai. En die inboorlinge, wat probeer sien hoe hulle aangaan, hulle kop ruk en so optree, die inboorlinge het gestaan en daarna gekyk. Maar, julle sien, hulle is nie Amerikaners soos Pat Boone, en Elvis Presley, en Ricky Nelson, en daardie kêrels is nie. Hulle is nie Judasse van daardie tipe nie, maar hulle is. . . Sien, dis 'n gees. En die gees is nie net in Amerika nie, dit het ditself oor die hele wêreld versprei, om hulle te bring na die

stryd van Armageddon. Hulle tree so op, of hulle is . . . Watter volk hulle ook al vanaf kom, Afrika, Indië, wat dit ook al is, daardie vulgêre en goed het oor die hele aarde versprei, deur net een man wat dit begin het.

<sup>225</sup> So het die Evangelie en die Krag van Almagtige God, het versprei om die wêreld! En die skeidingstyd vind nou plaas, wanneer God 'n Bruid roep, en die Duiwel 'n kerk roep. Laat my 'n deel van die Bruid wees!

Laat ons bid.

<sup>226</sup> Dierbare God, ons sien die handskrif teen die muur, Here. Ons is by die endtyd. Ons weet dat daar groot dinge voorlê, maar tog iewers, iewers buite in hierdie gemors hierbuite, is steeds eerlike mense wat verordineer is tot Lewe. Dit sou onmoontlik wees vir een man of twee mans; maar, God, almal van ons saam, laat ons versprei in elke hoek wat ons kan, die goeie nuus dat Jesus kom, en, sien, net 'n bietjie Brood versprei, 'n bietjie Woord. Waar ook al die Arende is, sal hulle daardie Voedsel volg. Of Dit kom deur 'n band, óf of dit kom deur 'n woord of 'n getuienis, Arende sal Dit volg na Sy hoofkwartier. Want Dit is geskryf: "Waar die Karkas is, daar sal die Arende vergader." Dierbare Jesus, ons weet dat U die Karkas is wat ons eet. U is die Woord, en die Woord het vlees geword en onder ons gewoon. Ons bid, God, dat ons die Woord sal versprei, dat die ware Arende Dit sal vind.

<sup>227</sup> Laat ons nie skaam wees wanneer ons voor mense staan nie, bouse, onverskillige mense, godsdienstig, wat dit ook al is. Soos Paulus vir Timóthéüs vertel het:

*. . . Laat ons tydig en ontydig aanhou; weerlê, en bestraf, en . . . in alle lankmoedigheid en lering;*

*want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees, vir hulleself 'n menige leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,*

*en sal afgekeer word . . . van die waarheid, . . . na fabels.*

<sup>228</sup> God, ons lewe in daardie dag. U het my lank genoeg laat lewe om dit te sien gebeur. Soos, dit net hier lê in die hoeksteek van hierdie tabernakel vandag, van drie-en-dertig jaar gelede.

<sup>229</sup> God, seën elkeen hierbinne. As daar een hierbinne sal wees, Here, wat nie gereed sal wees om U te ontmoet nie, wat hulle net nie kan saamstem met U Woord nie, en hulle U nie van aangesig tot aangesig ontmoet het, en weet dat U nie net deur 'n daad van een of ander soort van 'n—van 'n—van 'n aanvaarding is, soos jy 'n geloofsbelydenis of iets sou nie, maar die lewende God ontmoet het; en as hulle dit nie gedoen het nie, Here, mag hulle dit net nou doen.

<sup>230</sup> Ek—ek glo ons is—ons is baie naby teen hierdie uur. Ek weet nie wie hulle is nie. Ek weet selfs nie of daar enige hier is nie, maar ek voel net gelei om tot U te bid. Nie sodat die mense my kan hoor nie, want dit sou 'n skynheilige ritueel wees. God verhoed. Ek wil nie 'n skynheilige wees nie. Maar ek bid dit met die opregtheid in my hart, Here.

<sup>231</sup> Wie ook al hy of sy is met wie U praat vanmôre, mag hulle nederig nie skaam wees nie, maar ver diep onder in hulle hart U nou ontvang, vanaand kom en gedoop word in die Naam van Jesus Christus, elke Woord volg, elke Woord; as hulle anders gedoop is, of besprinkel, gegiet. Onthou (ons doen dit, Here) dat U gesê: “Wie ook al een Woord uit die Boek sou neem, een woord Daarby voeg, sy deel sal weggeneem word uit die Boek van die Lewe.” Alhoewel hy probeer, kom, sy naam op die boek sit, sal dit—dit nie werk nie. Laat ons opreg en nederig wees.

<sup>232</sup> Nou is hulle in U hande, Here. Doen U met hulle soos U goeddink, want hulle is Uwe. In die Naam van Jesus Christus, die Seun van God.

<sup>233</sup> Nou terwyl ons ons hoofde gebuig het, wil ek hê julle moet nou baie ernstig dink. Ek vra om verskoning, eerste, omdat ek omtrent vyftien minute laat is. Nou wil ons neurie. En jy dink nou net in jou hart: “Het ek regtig God ontmoet?” Dink dit nou net regtig opreg. Want, dit sal nie te veel kere miskien wees totdat . . . Mag die laaste keer nou wees, dat ons sal ontmoet voor Sy Koms. Dis naby, vriende. Elke Skrif, lyk asof, is net omtrent vervul. Dit mag wees, vir my en jou, hierdie mag ons laaste kans wees. Ons mag weg wees voor die nag.

Ek gaan met Hom, met Hom heel die weg.

Ek kan hoor: “Is jy skaam vir My en My Woord?”

Ek kan hoor my Redder . . .

<sup>234</sup> Nou stel jou net voor jy lê nou op jou sterfbed. “Kan hoor . . .” Dan mag dit te laat wees, maar dit is nie net nou nie.

“Neem jou kruis, en,” moet miskien nou opoffer: “volg My.”

Nou, in jou hart, beantwoord dit:

Ek sal met Hom gaan deur die tuin,

Ek sal met Hom gaan deur die tuin,

Ek sal met Hom gaan deur die tuin,

Ek gaan met Hom, met Hom heel . . .

<sup>235</sup> Nou met ons hoofde gebuig, laat ons net ons hande opsteek en sê:

Ek sal met Hom gaan deur die oordeel,

Nou, dis wat net nou aangaan, Hy beoordeel ons.

Ek sal gaan . . .

Here, vind U my skuldig? Dan, vergewe my.

... deur Sy oordeel,

Wat beoordeel U my om vanmôre te wees, Here?

... met Hom deur die oord-...

Beproof my, Here, kyk of daar enige onrein ding in my is.

... met Hom, met Hom heel die weg.

<sup>236</sup> Vader, ons dank U vanmôre vir al hierdie hande. Ek het nie een persoon gesien wat nie hulle hande opgehad het nie. Ek dank U, Here, ek—ek vertrou U het ook nie, Here. Nie een wat nie hulle hande opgehad het nie. Hulle is gereed om deur die oordeel te gaan. Beoordeel ons, Here. En as daar enige verkeerde in ons is, vergewe ons daarvoor, Vader. Gee ons van U genade, want ons wil nie U oordeel ontmoet wanneer genade nie teenwoordig is nie. So, genade is nou teenwoordig, so ons bid, God, dat U ons sal oordeel en vergewe van ons sondes, volgens U Woord en U belofte. En laat ons vir U lewe al die dae van ons lewe, nie skaam wees vir die Evangelie nie.

<sup>237</sup> Nou, Vader, as dit U wil is, ons begin nou drie agtereenvolgende Sondae, van dienste. Berei ons harte voor daarvoor, Here. Berei my voor, O God. Ek is die een wat so diep behoeftig staan aan U. Ek bid dat U my sal lei en my rig in die dinge wat ek moet doen en sê in hierdie dae wat sal kom.

<sup>238</sup> Lei en rig ons dierbare Broer Neville, daardie dapper dienaar van U, Here; en ook Broer Mann, en die diakens van die kerk, en die trustees, en elke persoon wat hier vergader.

<sup>239</sup> Berei ons voor, Here, dat ons in staat mag wees, in 'n—'n ware Christen manier, sondaars na U te bring, en kerklidmate te bring na 'n wete dat die God wat ons ken, wat ons persoonlik ontmoet het, laat Hy hulle God ook word. Nou, Vader, dit kan ons nie doen nie, ons kan hulle nie instuur nie. Maar U, Heilige Gees, beweeg op die mense, die lidmate van kerke.

<sup>240</sup> En soos die ondervindinkie wat ek met U gehad het nou die oggend: “Gaan kry vir my Seun 'n Bruid. Neem Dit uit van onder die mense, onder die kerke. Trek daardie Bruid uit.” Laat my, in gebed nou, Here. Stuur U die Rebekka. Ek sal die Eliëser probeer wees. Help my om 'n getroue dienaar te wees. En mag die God van die Hemel Sy Engel voor my uitstuur, voor ons, dat ons die dinge saam sal versamel en die Bruid sal uitkies wat U gekies het. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

<sup>241</sup> Nou, ek is jammer om julle 'n bietjie laat te gehou het. Dis vyf-en-twintig oor. Ek moes hier uit gewees het, vyf-en-twintig minute gelede. Maar, nou, julle hou van daardie ou lied: “Neem die Naam van Jesus met jou”? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Is dit nie mooi nie? Ek het dit nou gesing vir omtrent drie-en-

dertig jaar, as 'n verdagingslied. Waterdoop: "Op die Jordaan se stormagtige oewers staan ek." En ek dink dis so mooi: "Neem Dit net oral waar jy gaan!"

Dierb're Naam, O hoe soet!  
 Hoop. . . (Skud nou hande met iemand langs  
 jou.)  
 Dierb're Naam, dierb're Naam, O hoe soet!  
 Aardse hoop en Hemelvreugd.

<sup>242</sup> Nou onthou die diens van vanaand, sewe-dertig, sewe-dertig vanaand. Nou laat ons net een vers sing, sien.

Neem die Naam van Jesus met jou,  
 As 'n skild teen elke strik;  
 As versoekings om jou. . . (Wat doen jy dan?)  
 Prewel net daardie heilige Naam in gebed.

Dierb're Naam, O hoe soet!  
 Aardse hoop en Hemelvreugd;  
 Dierb're Naam, O hoe soet!  
 Aardse hoop en Hemelvreugd.

<sup>243</sup> Was daar enige wat gekom het om gedoop te word na hierdie diens? Indien so, steek julle hande op. Iemand om gedoop te word? Twee, goed, om gedoop te word onmiddellik na hierdie diens. As die res van julle, enige van julle wat gedoop wil word, ons sal doopdienste hê by elkeen van hierdie dienste. Die enigste ding wat julle moet doen, is om te vra. Ons is gereed om julle te doop. Dis ons plig, om julle te doop in die Naam van ons Here Jesus Christus. Dis ons plig om dit te doen. En ons is bly om dit te doen, enige tyd. Julle wat gedoop moet word, gaan net na die kamers, onmiddellik na die diens, en ons sal reguit voortgaan met die waterdoop. Enigiemand wat hulle wil volg, kan julle seker wees ons is hier. . . as jy bekeer het van jou sonde en jy Jesus aanvaar het as jou Verlosser.

<sup>244</sup> Jy was 'n Christen vir jare, en nooit die Lig gesien nie, en die Lig van verlossing het nou gekom. 'n Vrou, 'n Bruid wat die Naam moet neem! Jesus het gesê: "Ek het gekom in My Vader se Naam, en julle het My nie ontvang nie. Maar daar sal een kom in sy eie naam, en julle sal hom ontvang," dis jou denominasie.

<sup>245</sup> Enige seun kom in sy vader se naam. Ek kom in my vader se naam. Julle mans het in julle vader se naam gekom.


<sup>246</sup> En wat was Sy Naam, wat is die Naam van die Vader? Jesus! Hy: "het gekom in My Vader se Naam, julle het My nie ontvang nie." Nou Sy Bruid sal Sy Naam hê, natuurlik.

<sup>247</sup> Ek het 'n vrou geneem, met die naam van Broy, en sy het 'n Branham geword.

<sup>248</sup> Hy kom vir 'n Bruid, wees seker en onthou dit soos julle na die bad kom.



Laat ons ons hoofde nou buig.

<sup>249</sup> En Broer Vayle hier is geen vreemdeling vir ons nie. Hy is 'n baie dierbare broer, was saam met my in baie dienste, hy en sy vrou. En hy is ook nou die skrywer van hierdie preke en dinge wat in boekvorm gaan. Broer Vayle, sal jy ons verdaag in gebed, terwyl ons ons hoofde buig. [Broer Vayle bid—Red.] 

*SKAAM* AFR65-0711

(Ashamed)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 11 Julie 1965, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2008 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

[www.branham.org](http://www.branham.org)

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS  
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.  
[www.branham.org](http://www.branham.org)